



1. Inleiding

Transnet Beperk (“Transnet”) beoog om die hantering van ystererts by sy Ystererts-hanteringsfasiliteit (YEHF) in die Hawe van Saldanha na 60 miljoen ton per jaar (MTPJ) te verhoog. Dit noodsaak ’n wysiging aan Transnet se voorwaardelike emissielisensie vir die YEHF.

Die Hawe van Saldanha is nagenoeg 120 km noord van Kaapstad in Saldanhaabaai aan die Weskus van Suid-Afrika geleë (sien Figuur 1).



Figuur 1: Ligging van Saldanhaabaai

Kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998 (“NEMA”), soos gewysig, en die Omgewingsimpakevaluering (OIE) Regulasies, 2006, moet ’n Basiese Evaluering vir sekere gelyste aktiwiteite, ingeslote die wysiging van ’n lisensie of permit om emissies vry stel (soos voorgestel deur Transnet), onderneem word.

SRK Consulting is deur Transnet as die onafhanklike Omgewingsevalueringpraktisyn (OEP) aangestel om die vereiste Basiese Evalueringsproses te onderneem.

2. Doel en Struktuur van hierdie Basiese Evalueringsverslag

NEMA se OIE-regulasies is uitgevaardig om die omgewingsbestuurbeginsels wat in die Wet voorgestaan word, tot uitvoer te bring. Hierdie Basiese Evalueringsverslag (BEV) verskaf aan die bevoegde gesag alle tersaaklike inligting rakende die voorgename aktiwiteit, tesame met ’n evaluering van die potensiele impakte, ten einde die besluit om toestemming vir die aktiwiteit te verleen, al dan nie, te informeer en, indien wel, onderworpe aan watter voorwaardes.

Die BEV bestaan uit vier afdelings, waarvan Afdeling 2 en 4 kragtens die vereistes vir ’n Basiese Evaluering verpligtend is. Die doel van die Opsommende Verslag in Afdeling 1 is om ’n opgesomde en maklik toeganklike weergawe van die aansoek te verskaf¹.

¹ Neem kennis dat die volledige verslag uit ingesorteerde afdelings bestaan en nie uit opeenvolgende saamgestelde verslaghoofstukke nie.



Vennote

AN Birtles, JCJ Boshoff, MJ Braune, JM Brown, CD Dalglish, JR Dixon, DM Duthe, R Gardiner, T Hart, GC Howell, WC Joughin, PR Labrum, DJ Mahlangu, RW McNeill, HAC Meintjes, BJ Middleton, MJ Morris, GP Murray, WA Naismith, GP Nel, VS Reddy, PN Rosewarne, PE Schmidt, PJ Shepherd, VM Simposya, AA Smithen, PJ Terbrugge, KM Uderstadt, DJ Venter, HG Waldeck, ML Wertz, A Wood

Direkteure

AJ Barrett, JR Dixon, DJ Mahlangu, BJ Middleton, MJ Morris, PE Schmidt, PJ Terbrugge

Assosiante

AH Bracken, BM Engelsman, DJD Gibson, SA McDonald, M Ristic, JJ Slabbert, CF Steyn, D Visser, MD Wanless

Konsultante

AC Burger, BSc (Hons); IS Cameron-Clarke, PrSci Nat, MSc; JAC Cowan, PrSci Nat, BSc (Hons), JH de Beer, PrSci Nat, MSc; GA Jones, PrIng, PhD; TR Stacey, PrIng, DSc; OKH Steffen, PrIng, PhD; RJ Stuart, PrTech Ing, GDE; DW Warwick, PrSci Nat, BSc (Hons)



Kaapstad	+27 (0) 21 659 3060
Durban	+27 (0) 31 279 1200
Oos-Londen	+27 (0) 43 748 6292
Johannesburg	+27 (0) 11 441 1111
Kimberley	+27 (0) 53 861 5798
Pietermaritzburg	+27 (0) 33 345 6311
Port Elizabeth	+27 (0) 41 509 4800
Pretoria	+27 (0) 12 361 9821
Rustenburg	+27 (0) 14 594 1280

Dar-es-Salaam	+25 (5) 22 260 1881
Harare	+263 (4) 49 6182

Die BEV bestaan uit die volgende afdelings:

Afdeling 1: Opsommende Verslag

Afdeling 1 verskaf 'n inleiding tot die projek, beskryf die benadering tot die Basiese Evalueringproses en verskaf 'n beskrywing van die aktiwiteit. Dit beskryf ook die openbare deelnameproses wat tydens die proses onderneem is, die sleutelbevindinge en aanbevelings en die voorgestelde pad wat hierna gevolg moet word. Kortom, hierdie afdeling verskaf 'n **opsomming** van sleutelelemente van die Basiese Evaluering.

Afdeling 2: Ingevalde Basiese Evaluering-aansoekvorm

Afdeling 2 van die verslag bevat die ingevalde Basiese Evalueringaansoekvorm, soos voorgeskryf deur die Departement van Waterwese en Omgewingsake (DWO), wat as die formele aansoek om omgewingsmagtiging ooreenkomstig NEMA se OIE-regulasies voorgelê word.

Afdeling 3: Ingevalde BEV-vorm

Afdeling 3 bevat die ingevalde BEV-vorm, soos voorgeskryf deur die DWO, wat ter ondersteuning van die aansoek om omgewingsmagtiging vir die aktiwiteit ooreenkomstig NEMA se OIE-regulasies voorgelê word.

Afdeling 4: Aanhangsels

Afdeling 4 bevat aanvullende inligting ter ondersteuning van die verslag, soos deur die BEV vereis.

3. Benadering tot die Basiese Evaluering

Die OIE-regulasies vervat in Staatskennisgewing R 386 van April 2006 lys die aktiwiteite waar dit nodig is om 'n Basiese Evalueringproses te volg alvorens hulle 'n aanvang kan neem. Die voorsteller moet magtiging vir die voorgestelde aktiwiteit vanaf die aangewese bevoegde gesag verkry. Aangesien Transnet 'n maatskappy in staatsbesit is, is die bevoegde gesag die nasionale DWO.

Vir die voorgestelde verhoging in die hantering van ystererts by die YEHF by die Hawe van Saldanha, vereis die volgende gelyste aktiwiteit dat 'n BE onderneem moet word:

25. *Die uitbreiding van of veranderinge tot bestaande fasiliteite vir elke proses of bedrywigheid, wat 'n **wysiging van 'n bestaande permit of lisensie** of 'n nuwe permit of lisensie vereis ingevolge wetgewing **wat die vrystelling van afskeiding, besoedeling en afvloeiwatervoorbeheer**.*

Die voorgestelde aktiwiteit sal aanleiding gee tot die wysiging van Transnet se emissielisensie soos kragtens die Wet op die Voorkoming van Atmosferiese Besoedeling 45 van 1965 (APPA) vir die YEHF vereis. Die bestaande lisensie magtig die hantering van 47 MTPJ ystererts by die fasiliteit.

Die eerste stap in die BE-proses is die voorlegging van 'n Kennisgewing van Voorneme om vir die voorgestelde aktiwiteit Aansoek te Doen. Hierdie Kennisgewing is op 14 Augustus 2009 aan die DWO voorgelê en op 8 September 2009 aanvaar.

Die tweede stap behels die evaluering van die aktiwiteit en die opstel van 'n BEV (hierdie dokument) vir openbare kommentaar. Kwessies en kommer wat deur die publiek geopper is, sal die Finale BEV informeer, welke verslag tesame met die voorgeskrywe Kommentaar-en-Reaksieverslag aan die DWO vir besluitneming voorgelê sal word.

Die Basiese Evalueringproses word in Figuur 2 hieronder uitgebeeld.


4. Voorgeskrewe Vereistes vir die Basiese Evalueringverslag

Die BEV verskaf inligting rakende die voorgenome aktiwiteit, 'n beskrywing van die omgewing wat hierdeur geraak word (met insluiting van ekologiese, grondgebruik- en sosio-ekonomiese aspekte), 'n beskrywing van die proses wat gevolg is ten einde die publiek oor die voorgenome aktiwiteit te konsulteer en 'n basiese evaluering van die potensiële impak wat die voorgenome aktiwiteit op die omgewing mag hê.

Verskeie aanhangsels tot die BEV word ter ondersteuning vereis. Hierby ingesluit is:

- 'n Kommentaar-en-Reaksieverslag voort-spruitend uit die openbare deelnameproses;
- Data soos 'n liggingskaart, terreinplanne en tersaaklike foto's;
- Enige vereiste permitte of lisensies, ingeslote die grondeienaar se instemming tot die aktiwiteit, in gevalle waar die aansoeker nie die eienaar van die voorgenome terrein is nie;
- Enige gespesialiseerde verslae wat ten tye van die basiese impakevalueringproses voortgebring is; en
- 'n Omgewingsbestuurprogram in konsep-vorm.

Sodanige inligting word in Afdeling 4 van hierdie verslag vervat.



Figuur 2: Basiese Evalueringsproses

5. Beskrywing van die Omgewing

Die YEHF is in Saldanhabaai geleë, sowat 120 km noord van Kaapstad aan die Weskus van Suid-Afrika. Die Langebaanlagune lê suid hiervan en is met Saldanhabaai verbind. Daar is vyf eilande langs Saldanha se kus: Malgas, Jutten, Marcus, Meeuw en Schaapen.

Ooreenkomstig die RAMSAR-konvensie, is die Langebaanlagune van internasionale belang. Tesame met die eilande in die baai val dit binne die grense van die Weskus Nasionale Park.

Die area word gekenmerk deur droë, warm somers en nat, koel winters. Die wind by Saldanha is oorwegend suid-suid-oos gedurende die somer, lente en herfs, met 'n oorheersend noordelike en noord-noord-wes-

komponent gedurende die winter. Die gemiddelde windspoed is hoër gedurende die warmer maande.

Oor die afgelope 30 jaar is Saldanhabaai ontvorm van 'n minderbelangrike vissershawe na 'n beduidende sentrum vir swaar nywerhede binne die Wes-Kaap. Die YEHF is binne die Hawe van Saldanha, 'n aangewese nywerheidsgebied, geleë. Dit word omring deur ander grootskaalse bedrywe wat die algemene vragfasiliteite by die Hawe van Saldanha gebruik, nl. Namakwa Sands, Mittal Steel en die Dufenco-staalwalsery.

'n Aantal residensiële gebiede is in die omgewing van die YEHF geleë. Die naaste is Blouwaterbaai, sowat 2.2 km na die weste. Saldanha is sowat 5 km wes van die YEHF geleë en huisves ook Suid-Afrika se grootste kommersiële vissersvloot, die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie en SAS Saldanha, 'n vlootopleidingsbasis. Klub Mykonos en die omliggende residensiële gebiede is nagenoeg 6 km oos van die YEHF geleë. Binnelands lê Vredenburg nagenoeg 10 km noord van die YEHF. Langebaan lê sowat 11 km suid-oos van die Hawe, aan die mond van die Langebaanlagune, en is 'n gewilde toeriste-bestemming.

Die Saldanhabaai Plaaslike Munisipaliteit, wat die bogenoemde gebiede beslaan, het in sy geheel in 2006 'n geraamde bevolking van 81 000 gehad.

6. Die Voorgestelde Projek

Die YEHF by die Hawe van Saldanha word tans as deel van die goedgekeurde 'Fase 1B'-uitbreiding opgegradeer, wat na verwagting die hantering van ystererts by die fasiliteit na 45 MTPJ teen 2010 sal verhoog.

Deur die doeltreffendheid van hantering by die fasiliteit te optimaliseer, raam Transnet dat die hantering van 60 MTPJ ystererts behaal kan word sonder die nodigheid om enige bykomende infrastruktuur op te rig.

Kumba, die hoofverskaffer van ystererts aan die YEHF, is tans besig om sy nuwe Sishen-Suid-ysterertsmyn te ontwikkel, wat na verwagting die lewering van beskikbare ystererts aan die YEHF na 60 MTPJ sal verhoog.

Die voorgenome projek behels nie die installering van enige bykomende infrastruktuur by die YEHF nie. Die toename in die volume ystererts wat by die fasiliteit hanteer gaan word, noodsaak egter dat meer treine en skepe by die Hawe sal aandoen om die bykomende erts af te lewer en uit te voer. Bestaande infrastruktuur sa egter meer gereeld (d.w.s. vir langer tydperke op 'n keer) in bedryf wees ten einde die bykomende volume erts te hanteer.

Daar word nie voorsien dat die voorgename verhoging in hantering bykomende werk-geleentheid by die Hawe sal skep nie.

Aktiwiteite wat in hierdie BE oorweeg word, strek vanaf die Salkor-werf tot by die baai. Impakte wat met enige noodsaaklike opgradering van die spoorkorridor tussen die myne en die Salkor-werf verband hou, word in 'n afsonderlike OIE ondersoek.

Aangesien die bestaande prosesse by die YEHF bloot meer doeltreffend bedryf gaan word, is daar nie ondersoek ingestel na enige alternatiewe ten opsigte van lokaliteit of aktiwiteit om die voorgename ysterertshantering van 60 MTPJ te behaal nie. 'n Alternatiewe terrein sal bykomende infrastruktuur behels en óf 'n nuwe voetspoor skep óf die voetspoor van die bestaande fasiliteit vergroot. Gevolglik het Transnet vir vrystelling van die noodsaaklikheid om terrein- en aktiwiteit-alternatiewe as deel van hierdie BE te evalueer, gemotiveer.

7. Openbare Deelnameproses

'n Openbare deelnameproses wat daarop gerig is om die publiek die geleentheid te bied om op die voorgestelde ontwikkeling kommentaar te lewer en aan die omgewingsproses deel te neem, word tans onderneem.

Advertensies is op 12 November 2009 in die plaaslike en streekskoerante geplaas om die publiek van die basiese evalueringsproses in kennis te stel asook dat die Konsep-BEV vir openbare kommentaar beskikbaar is en om belanghebbendes te nooi om op die projek-databasis te registreer. Die advertensies het ook besonderhede verskaf van die voorgename publieke opedag wat op 26 November 2009 gehou gaan word. Voorts is 'n aantal sleutelbelanghebbendes skriftelik in kennis gestel.

Nadere besonderhede oor verdere geleentheid vir belanghebbendes om betrokke te raak, word in Afdeling 10 verskaf.

8. Evaluering van Potensiële Omgewingsimpakte

'n Aantal potensiële impakte van die voorgename ontwikkeling is deur die projekspan en spesialiste geïdentifiseer. Kommer wat deur belanghebbendes ten tye van vorige omgewings-evalueringprosesse rakende die opgradering van die YEHF uitgespreek is, is ook in ag geneem.

Die volgende spesialisstudies is onderneem ten einde die impakte van die voorgename ontwikkeling te evalueer:

- Luggehaltestudie;
- Gesondheidstudie;
- Geraasspesialisinset; en
- Skeepsrisikospesialisinset.

Potensiële impakte is deur SRK en die spesialiste geëvalueer deur van SRK se gestandaardiseerde impakevalueringsmetodologie gebruik te maak. Die **gewig** van 'n impak word deur spesialiste gedefinieer en geëvalueer as 'n kombinasie van die **gevolg** van die impak wat voorkom (**gegrond op die omvang, intensiteit en duur daarvan**) en die **waarskynlikheid** dat die impak sal voorkom.

Vir alle potensieel beduidende impakte is versagtende maatreëls geïdentifiseer, en die gewig van die voorsiene impak is sonder en met die implementering van die aanbevole versagtende maatreëls aangeslaan. Hierdie inligting word in Tabel 1² aangebied, welke Tabel die volgende opsom:

- Die impakte wat geëvalueer is;
- Hulle gewig volgende op die implementering van versagtende maatreëls; en
- Die sleutel versagtende maatreëls waarop die gewigsaanslag gegrond is.

Die impakgewigsaanslag moet deur die bevoegde gesag in sy besluitnemingsproses oorweeg word ooreenkomstig die definisies wat per aanslag hierna toegeskryf word:

- **Onbeduidend:** die potensiële impak is gering en sal nie die besluit rakende die voorgename aktiwiteit beïnvloed nie.
- **Baie Laag:** die potensiële impak is baie klein en behoort nie 'n beduidende invloed op die besluit rakende die voorgename aktiwiteit te hê nie.
- **Laag:** die potensiële impak mag dalk nie 'n beduidende invloed op die besluit rakende die voorgename aktiwiteit hê nie.
- **Medium:** die potensiële impak behoort die besluit rakende die voorgename aktiwiteit te beïnvloed.
- **Hoog:** die potensiële impak sal die besluit rakende die voorgename aktiwiteit raak.
- **Baie Hoog:** die voorgename aktiwiteit behoort slegs onder spesiale omstandighede goedgekeur te word.

² Verwys na Afdeling E van die BEV vir 'n volledige lys van impakte wat geëvalueer is.

Tabel 1 verskaf 'n lys van alle potensieel beduidende impakte wat geëvalueer is. **Sleutel** tersaaklike waarnemings ten opsigte van die potensieël impakte sluit in:

- Die voorspelde *lae negatiewe impak van stof wat deur die YEHF voortgebring word*, wat 'n ergernis is vir inwoners veral in Blouwaterbaai. Sonder doeltreffende mitigasie sal die impakte weens stofneerslag na verwagting hoog wees en is 'n fatale defek vir die projek;
- Die voorspelde *lae negatiewe impak van inasembare klein stofdeeltjies ("Particulate Matter (PM)") wat deur die YEHF voortgebring word*, wat weens die lae konsentrasies onder versagtende omstandighede na verwagting nie 'n gesondheidsrisiko vir omliggende gemeenskappe inhou nie. Sonder doeltreffende mitigasie sal die impakte weens PM na verwagting baie hoog wees en is 'n fatale defek vir die projek;
- Die voorspelde *lae negatiewe impak van meer gereelde geraas*, veral weens die rangering van treine, wat 'n ergernis vir inwoners inhou veral in Blouwaterbaai, selfs onder versagtende omstandighede. Transnet stel tans ondersoek in na die haalbaarheid van geraasversagtingsmaatreëls en alternatiewe koppeling-meganismes, soos deur die magtiging-voorwaardes van vorige uitbreidingsfases vereis word. Hierdie, of alternatiewe maatreëls soos 'n geraasversperring, moet so gou moontlik bevestig en geïmplementeer word. Sonder doeltreffende mitigasie sal die impak van bykomende geraas na verwagting medium wees.

9. Opsomming van Bevindinge

1. Transnet is van voorneme om die hantering van ystererts by die YEHF in die Hawe van Saldanha na 60 MTPJ te verhoog deur die fasiliteit se bedryfsdoeltreffendheid te verbeter.
2. Geen veranderinge aan die bestaande infrastruktuur van die YEHF word voorgestel nie. Om die bykomende volumes ystererts egter af te lewer, te hanteer en uit te voer, sal meer treine en skepe by die bestaande fasiliteit aandoen, en die bestaande infrastruktuur sal meer deurlopend werk.
3. Die hantering van ystererts by die YEHF het tot gevolg dat stof, ingeslote PM, voortgebring word wat residensiële gebiede wat verder weg van die YEHF geleë is, kan bereik. Die fasiliteit veroorsaak ook 'n geraas, veral as gevolg van treine wat rangeer, en hierdie geraas kan in nabygeleë residensiële gebiede gehoor word.

4. Met die doeltreffende mitigasie van stof wat by die YEHF voortgebring word, is die vlakke van stof en PM wat na verwagting die omliggende residensiële gebiede sal bereik relatief klein. Hulle hou nie rede tot kommer in wat gesondheid betref nie, maar sal na verwagting steeds 'n ergernis bly, veral in Blouwaterbaai.
5. Die stofvlakke wat vir Blouwaterbaai teen 'n doeltreffend gemitigeerde 60 MTPJ-hanteringsscenario voorspel word, sal na verwagting omtrent dieselfde as in die huidige situasie wees, waar sowat 32 MTPJ ystererts hanteer word, maar mitigasie word nog geïmplementeer.
6. Sonder doeltreffende mitigasie van die stof wat by die YEHF voortgebring word, word daar voorspel dat stofvlakke te hoog sal wees, beide ten opsigte van 'n ergernis- en gesondheidsimpak.
7. Rangeringsgeraas wat in omliggende residensiële gebiede, veral Blouwaterbaai, hoorbaar is, wek vir 'n geruime tyd reeds kommer by belanghebbendes. Alhoewel die geraasvlak na verwagting nie weens die verhoogde hantering sal verander nie, gaan die impuls-tipe rangeringsgeraas relatief tot die huidige situasie verhoog. Die implementering van doeltreffende mitigasie, wat nog deur Transnet ondersoek word, is van kernbelang.
8. Belanghebbendes in die Saldanha-omgewing het aktief deelgeneem aan vorige omgewingsevaluering-prosesse wat met die YEHF in die Hawe van Saldanha verband hou. Kommer en kommentaar wat gedurende daardie prosesse gelug is, wat meesal met die potensieël negatiewe impak van die YEHF op die gebied se luggehalte en die marine omgewing van Saldanhabaai en die Langebaanlagune verband gehou het, is in hierdie BE in ag geneem.

10. Pad Vorentoe

Hierdie dokument is nie 'n finale verslag nie en kommentaar wat van die BGP's ontvang word, sal weerspieël word in die Finale BEV wat aan die owerhede voorgelê word. Die openbare deelnameproses verleen aan BGP's die geleentheid om van hulp te wees met die identifisering van kwessies en potensieël impakte en bied ook die geleentheid om 'openbare aanvaarding' van die voorgenome projek te peil.

Hierdie Konsep-BEV word vrygestel vir 'n 40-dae openbare en owerheidoorsigtydperk. Volledige afskrifte van die verslag kan vir oorsigdoeleindes by die volgende plekke verkry word:

- Saldanha Openbare Biblioteek;
- Diazville Openbare Biblioteek;
- Langebaan Openbare Biblioteek;
- Vredenburg Openbare Biblioteek; en
- Die kantore van SRK Consulting in Rondebosch, Kaapstad.

Die Konsep-BEV kan ook afgelaai word van SRK se webtuiste www.srk.co.za (via die 'public documents'-skakel).

Belanghebbendes word ook genooi om 'n **Publieke Opedag** by te woon, waar inligting vervat in die BEV met die projekspan bespreek kan word. Besonderhede rakende die Publieke Opedag is soos volg:

Datum : 26 November 2009
Plek : Protea Hotel, Hoofweg 51 B,
Saldanha, Malgas Room
Tyd : 15:30 – 18:30

Skriftelike kommentaar op die Konsep-BEV moet teen **15 Januarie 2010** gerig word aan:

Sharon Jones

SRK Consulting
Postnet Suite #206
Privaatsak X18
Rondebosch 7701

e-pos: sjones@srk.co.za

Tel: 021 – 659 3060
Faks: 021 – 685 7105

Kommentaar deur Belanghebbendes sal weerspieël word in die Kommentaar-en-Reaksieverslag wat saam met die Finale BEV aan die DWO vir besluitneming voorgelê sal word.

Op versoek kan volledige gedrukte afskrifte van die Konsep-BEV ook per pos of e-pos aan belanghebbers gestuur word.

Tabel 1: Opsomming van impakgewigsaanslag vir die voorgestelde verhoging in ysterertshantering tot 60 MTPJ by die YEHF in die Hawe van Saldanha, met implementering van mitigasie

Impak		Sleutel Versagende Maatreëls	Impak met Mitigasie
Stofneerslag vanaf die YEHF in omliggende gemeenskappe	-ve	<ul style="list-style-type: none"> • Bedek alle onbedekte paaie; • Implementeer doeltreffende huishoudelike maatreëls, soos om alle geplaveide oppervlakke te vee, vervoerbande te skraap en los materiaal te verwyder sodat dit nie stof kan voortbring nie; • Handhaaf ystererts se voginhoud van 1.2%; 	Laag
Gesondheidsgevolge vir omliggende inwoners weens potensiële blootstelling aan PM ₁₀ vanaf die YEHF	-ve	<ul style="list-style-type: none"> • Bedek alle oorlaaipunte en vervoerbande, waar prakties, en hou bestaande bedekkings in stand; • Handhaaf 50% stofbeheerdoeltreffendheid by die oorlaaipunte (deur sproeiers en bedekkings te gebruik); • Verseker dat skoorsteen-emissies by die kantelaars nie 25 mg/Nm³ oorskry nie; • Wysig, waar nodig, en implementeer die luggehalte-monitoring-en-bestuursplan; en • Moniteer stofvlakke by geskikte persele in die Hawe ten einde die doeltreffendheid van stofmitigasiemaatreëls deurlopend te evalueer. 	Laag
Meer gereelde geraas in omliggende residensiële gebiede weens meer gereelde gebruik van toerusting by die YEHF	-ve	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik remwaens om die rangeergeraas uit te skakel, indien dit doeltreffend blyk te wees; of as alternatief: • Gebruik ander koppelingsmeganismes om rangeergeraas te verlaag; en/of; • Rig 'n geraasversperring op na die weste van die rangeerlyn na ertshoop 1; en • Moniteer geraasvlakke wat uit rangeerlyne voortspruit ten einde die doeltreffendheid van mitigasiemaatreëls te evalueer. 	Laag
Verhoogde inmenging van ysterertsdraers met ander skeepsverkeer in die Baai	-ve	<ul style="list-style-type: none"> • Volg vasgestelde prosedures vir die beweging van ysterertsdraers in en rondom die Baai. • Hou die teenwoordigheid van klein vaartuie in of naby die toegangskanaal fyn dop. Waarsku sodanige vaartuie. • Handhaaf heersende Hawebeleid waarvolgens een (geloodsde) skip op 'n keer binne die grense van die Hawe verskuif word. 	Baie laag
Versteuring van Saldanhabaai se marine ekostelsel weens verhoogde vrystelling van ballaswater deur ysterertsdraers	-ve	<ul style="list-style-type: none"> • Hou vol om vaartuie se nakoming van IMO-riglyne rakende die bestuur van ballaswater af te dwing. Moniteer nakoming van IMO-riglyne gereeld en beboet nie-nakoming. • Volg haalbare IMO-verbeterde metodes om ballaswater te behandel wat tans internasionaal getoets word. 	Baie laag

Impak	Sleutel Versagende Maatreëls	Impak met Mitigasie
<p>Verhoogde <i>risiko</i> van oliestortings in Saldanhaabaai wat verband hou met meer ysterertsdraers</p>	<p>-ve</p> <p><u>Minimalisering van die risiko van 'n insident wat tot 'n oliestorting aanleiding kan gee</u> (hierdie maatreëls sal egter nie die voorgehoue impakgewig beïnvloed nie aangesien dit geëvalueer is as <i>sou</i> die storting voorkom):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Waarsku die kaptein van 'n vertrekkende vaartuig teen enige ongunstige golf- of weerstoestande buite die Hawe. • Gebruik die Geïntegreerde Ondersteuningstelsel vir Hawebedrywighede (IPOSS) as 'n ondersteuningstelsel om op enige gegewe tyd te besluit of diepgangskepe in die toegangskanaal toegelaat moet word of nie. • Skenk voortdurend aandag aan meerlyne en meerstelsels (wenasse) ten einde sorg te dra dat die lyne styf en die ankerplek beveilig is. • Hou alle Hawetoerusting, insluitend sleepbote, in puik werkende toestand. • Verlaag die spoed van ertsdraers wat in die Hawe maneuvreer tot so 'n mate ('n paar knope) dat sleepbote in staat is om die vaartuig se koers te verander indien dit nodig sou wees, bv. om 'n botsing te vermy. • Verseker dat alle personeel wat by die hantering van ysterertsdraers betrokke is, deurlopend en voldoende opgelei word. <p><u>Reaksie tot oliestorting:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • Implementeer die Hawe van Saldanha se Gebeurlikheidsplan vir 'n Oliestorting. • Hersien en werk die Hawe se veiligheidsriglyne, -reëls en -regulasies op 'n gereelde basis by. 	<p>Laag</p> <p><i>(In die onwaarskynlike geval dat 'n oliestorting sou voorkom)</i></p>
<p>Bykomende generering van welvaart vir Suid-Afrika</p>	<p>+ve</p> <ul style="list-style-type: none"> • Geen 	<p>Hoog</p>

Should you require an *English* copy of this summary, please do not hesitate to contact us.

AFRIKAANSE VERTALINGS VAN DOKUMENTE WORD SLEGS VERSKAF TEN EINDE DIE OPENBARE OORSIG PROSES TE VERGEMAKLIK. SLEGS DIE ENGELSE WEERGAWE VAN HIERDIE VERSLAG VIR MAGTIGING SAL INGEDIEN WORD BY DIE DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOURISME EN SAL DUS DIE WETTIGE WEERGAWE VAN DIE VERSLAG VOORSTEL.